MPUMALANGA
NUUSBRIEF | NEWSLETTER
012 436 0900
saoumpu@saou.co.za
www.saou.co.za
Reg No: LR2/6/2/531

08/2026 2026/11/10

PPN 2027: BELANGRIKE TERUGVOER AAN LEDE

Geagte Lede

In ons vorige nuusbrief van 2 Oktober 2026 het die SAOU ernstige kommer uitgespreek oor die aanvanklike 2027-postevoorsiening en onderneem om skole met appèlle by te staan en die aangeleentheid verder met die Mpumalanga Departement van Onderwys op te neem.

Die SAOU het sedertdien daadwerklik op hierdie ondernemings voortgebou. Verdere konsultasies het plaasgevind en 'n formele regsbrief van aanmaning is aan die Departement gerig.

WAAR STAAN DIE PROSES TANS?

Die Departement het tydens konsultasies bevestig dat die aanvanklike PPN-sertifikate op **onverwerkte data** gebaseer was en dat alle provinsiale prioriteite en aanpassings nog nie in berekening gebring is nie.

Die SAOU het ook ernstige kommer uitgespreek oor die hantering van **appèlle wat deur skole ingedien is**. Hoewel die Departement aangedui het dat die appèlle oorweeg sou word, is die beloofde terugvoer en uitkomste steeds uitstaande. Die SAOU dring daarop aan dat alle appèlle behoorlik oorweeg word en dat skole duidelike, skriftelike terugvoer oor die uitkomste ontvang.

Verdere konsultasies en die hersiening van die data duur voort, waarna die Departement aangedui het dat finale PPN-toekennings uitgereik behoort te word. Die aanvanklike toekennings moet dus nie as die finale uitkoms beskou word nie.

WAT VAN MOONTLIKE BOTALLIGHEID?

Die Departement het aangedui dat **geen proses om opvoeders botallig te verklaar voor die beskikbaarstelling van die amptelike leerderstatistiek op die 10de skooldag van 2027 sal begin nie.**

DIE SAOU TREE OP

Benewens voortgesette konsultasies het die SAOU reeds 'n **formele regsbrief van aanmaning** deur sy eksterne regsverteenwoordigers aan die Departement gerig.

Hierin word onder meer aangedring op duidelikheid oor die status van die aanvanklike toekennings, die uitreiking van behoorlik gefinaliseerde PPN-sertifikate en die beskerming van bestaande opvoederposte hangende die afhandeling van die proses.

Die Departement het ten tyde van hierdie nuusbrief nog nie op die regsbrief gereageer nie. Die SAOU sal verdere

PPN 2027: IMPORTANT UPDATE TO MEMBERS

Dear Members,

In our previous newsletter of 2 October 2026, the SAOU raised serious concerns regarding the initial 2027 post provisioning and undertook to assist schools with appeals and pursue the matter further with the Mpumalanga Department of Education.

The SAOU has since taken concrete steps to honour these commitments. Further consultations have taken place, and a formal legal letter of demand has been issued to the Department.

WHERE DOES THE PROCESS CURRENTLY STAND?

During consultations, the Department confirmed that the initial PPN certificates were based on **unprocessed data** and did not yet incorporate all provincial priorities and adjustments.

The SAOU has also raised serious concerns regarding the handling of the appeals submitted by schools. Although the Department undertook to consider these appeals, the promised feedback and outcomes remain outstanding. The SAOU insists that all appeals be properly considered and that schools receive clear, written feedback on the outcomes.

Further consultations and the review of the data are continuing, after which the Department has indicated that final PPN allocations should be issued. The initial allocations should therefore not be regarded as the final outcome of the process.

WHAT ABOUT POSSIBLE EXCESS EDUCATORS?

The Department has indicated that **the process of declaring educators in excess will not commence before the official learner statistics of the 10th school day of 2027 become available.**

SAOU TAKES ACTION

In addition to ongoing consultations, the SAOU has instructed its external legal representatives to issue a **formal letter of demand** to the Department.

The letter calls for clarity regarding the status of the initial allocations, the issuing of properly finalised PPN certificates and the protection of existing educator posts pending the conclusion of the process.

At the time of this newsletter, the Department has not yet responded to the legal correspondence. The SAOU will

toepaslike stappe oorweeg indien die aangeleentheid nie bevredigend aangespreek word nie.

ONS BOODSKAP AAN LEDE

Die SAOU besef die ernstige onsekerheid wat die huidige postevoorsieningsproses vir skole, skoolbestuur en opvoeders veroorsaak. Die moontlike verlies aan opvoederposte raak nie net personeel nie, maar ook die stabiliteit van skole en die gehalte van onderrig aan leerders.

Die SAOU sal nie aanvaar dat skole en opvoeders benadeel word deur onakkurate data, onafgehandelde appèlle of voortydige besluite oor poste nie.

Ons doen 'n beroep op skoolhoofde om alle relevante dokumentasie en bewyse van ingediende appèlle te bewaar en enige verdere verwikkelinge wat hul postevoorsiening raak, onder die SAOU se aandag te bring.

Ons boodskap is duidelik: Die SAOU sal die Departement verantwoordbaar hou, op behoorlike en regmatige besluitneming aandring en alle toepaslike stappe oorweeg om ons lede se belange te beskerm.

Ons het onderneem om namens ons lede op te tree, en dit is presies wat ons doen.

consider further appropriate steps should the matter not be satisfactorily addressed.

OUR MESSAGE TO MEMBERS

The SAOU recognises the serious uncertainty that the current post provisioning process has created for schools, school management and educators. The potential loss of educator posts affects not only staff, but also the stability of schools and the quality of education provided to learners.

The SAOU will not accept schools and educators being prejudiced by inaccurate data, unresolved appeals or premature decisions regarding educator posts.

We urge principals to retain all relevant documentation and proof of appeals submitted, and to bring any further developments affecting their post establishments to the attention of the SAOU.

Our message is clear: The SAOU will hold the Department accountable, insist on proper and lawful decision-making, and consider all appropriate steps to protect the interests of our members.

We committed ourselves to taking action on behalf of our members, and that is exactly what we are doing.

